# DIE SKIETLOOD

199e Uitgawe 18 Februarie 2022
saam met Koersvas 199

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

## Die Dordtse Leerreëls

**Hoofstuk 3 en 4: Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind**

**Teks 3.** Alle mense word daarom in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig maak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde. Sonder die genade van die Heilige Gees, wat die wedergeboorte skenk, kan en wil hulle nie tot God terugkeer of hulle verdorwe natuur verbeter of onderneem om dit te verbeter nie. Itaque omnes homines in peccato concipiuntur, et filii iræ nascuntur, inepti ad omne bonum salutare, propensi ad malum, in peccatis mortui, et peccati servi; et absque Spiritus Sancti regenerantis gratia, ad Deum redire, naturam depravatam corrigere, vel ad ejus correctionem se disponere nec volunt, nec possunt.

**Verklarende kommentaar**

Die vertaling (nader aan die teks) stel: Alle mense is in sonde verwek, word groot as kinders van die toorn (woede van God). Hierdie droewige penskets van die mens beskryf oorsprong en proses. Die mens is onomkeerbaar vasgevang in die mees ellendige van situasies. Reeds by verwekking is die mens in sonde vasgevang.

Hierdie verlore toestand word op verskillende maniere beskryf. Dit beteken eerstens dat die mens nie bekwaam is om enige goeie daad te doen wat tot saligheid sal lei nie. Dit beteken nie dat die mens nie goeie dade kan doen nie, dit beteken bloot dat hierdie goeie dade nie die verlore situasie kan oorstyg nie. Sonder goeie dade sou die mensdom homself lankal reeds vernietig het. Dit is belangrik om daarop te let dat die Dordtse leerreëls nie die mens se vermoë tot goeie dade ontken nie. Wat hier onder bespreking is, is die aard en impak van hierdie goeie dade. In terme van die mens se sondige toestand, is daar geen daad wat die mens kan red of kan bydra tot die mens se saligheid nie. Daar is met ander woorde baie kategorieë ten opsigte van goeie dade. Die kategorie: Menslike Saligheidsdade is net leeg en sal leeg bly

Daarmee saam is die mens daartoe geneig om die bose te doen en na te jaag. Die mens se vermoë om goeie dade te doen word nog verder ingeperk deur die geneigdheid tot die kwade doen. Die teks wil eintlik stel dat die mens aangedryf word na die bose toe.

Die volgende twee metafore word saam gebruik, al sou ons verwag dat die een die ander ophef. Aan die een kant word die mens beskryf as dood in die sonde, en aan die ander kant as slaaf van die sonde. Vir ons sou dit sin maak om te stel dat die mens slaaf van die sonde is en in daardie toestand tot sterwe kom. Die teks wil 'n meer radikale boodskap oordra. Die mens as dood in die sonde

verwys eerstens na die tweede dood, meer nog, dit verwys na 'n hulpelose en hopelose situasie. Die lyk, die mens wat dood is, kan nie opstaan en iewers anders gaan bestaan nie. Dood verwys na onmag, die onmoontlikheid van die situasie verander. Die dood is finaal (menslik gesproke) en derhalwe moet ons verstaan dat die sondige menslike bestaan hopeloos en hulpeloos in die sonde vasgevang is.

Hierdie hopelose situasie (menslik gesproke) verdien tog 'n voetnoot. Dit is waar dat die mens totaal verlore is. Die mens kan nie en wil nie uit eie oorweging God in ag neem nie. Die mens is met ander woorde meer as net nie by magte om tot God terug te keer nie, die mens besit ook nie oor die wilskrag wat nodig is om dit te doen nie. Sonder die heropwekkende genade (genade wat wedergeboorte skenk) van die Heilige Gees kan die mens nie na God terugkeer nie. Die mens kan nie sy natuurlike verlorenheid korrigeer (herstel) nie, die mens kan ook nie onderneem - of sy lewe so inrig - dat hy van sy verlorenheid herstel nie.

**Teks 4**. Na die sondeval het daar in die mens tog nog 'n bietjie van die lig van die natuur oorgebly. Daardeur het hy 'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen die betaamlike en onbetaamlike bly behou en vertoon hy in sekere mate 'n strewe na deug en openbare gedissiplineerdheid. Vir die mens is dit egter onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer. Gevolglik kan hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie. Hoe ook al, veeleer verduister hy dit heeltemal op verskillende maniere en bedek dit in ongeregtigheid. Omdat hy dit doen, is daar voor God vir hom geen verontskuldiging nie. Residuum quidem est post lapsum in homine lumen aliquod naturæ, cujus beneficio ille notitias quasdam de Deo, de rebus naturalibus, de discrimine honestorum et turpium retinet, et aliquod virtutis ac disciplinæ externæ studium ostendit: sed tantum abest, ut hoc naturæ lumine ad salutarem Dei cognitionem pervenire, et ad eum se convertere possit, ut ne quidem eo in naturalibus ac civilibus recte utatur, quinimo qualecumque id demum sit, id totum variis modis contaminet, atque in injustitia detineat, quod dum facit, coram Deo inexcusabilis redditur.

**Verklarende kommentaar**

Die teks in artikel 3 het reeds geskimp na die mens se vermoë tot goeie dade. Hierdie saak word nou verder verduidelik. Dit moet net weer beklemtoon word dat die mens nie by wyse van spreke homself aan sy eie veters kan oplig en dra uit die moeras van sonde en dood nie.

Daar is 'n oorblyfsel van die lig van die natuur wat na die sondeval in die mens oorgebly het. Die residu  (na die Latyn) van die natuur se lig is iets wat in die mens oorgebly het. Die presiese aard en omvang van hierdie onderbewuste nalatenskap kan nie omskryf word nie. Dit is ook nie duidelik waar hierdie residu gesetel is nie. Al wat duidelik is, is dat dit in die mens werk, dat dit 'n invloed op die mens het, 'n positiewe invloed op die mens het, en dat dit uit sekere stukke kennis bestaan. Hierdie positiewe invloed is die menslike bestaan ten goede, maar het geen impak op die saligheid van die enkeling of die gemeenskap nie. Die kennis wat

na die val in die mens as residu terug te vind is, behels 'n beperkte kennis aangaande God, kennis oor sekere sake in die natuur, die vermoë om te kan onderskei tussen wat eerlik is en wat immoreel is. Daarmee saam vertoon die mens 'n mate van entoesiasme ten opsigte van eksterne dissipline. Hierdie residu na die sondeval behels met ander woorde 'n basiese kennis wat inherent aan die mens toegedig kan word. In Artikel Twee van die Nederlandse geloofsbelydenis lees ons dat ons God deur twee weë leer ken, te wete deur die skepping en deur die Bybel. By hierdie punt word dan hierdie verklarende opmerking van die Dordtse leerreëls gevoeg. Ons kan iets van die natuur ken en iets van God in die natuur raaksien. Ons het iets van 'n strewe na morele optrede en standaarde. Sonder hierdie residu in die mens sou die mens in totale stryd met God, die natuur en homself gewees het. Dit is hierdie residu wat met ander woorde die draaglikheid van die mens se bestaan moontlik maak.

Hierdie residu is egter beperk. Dit is genoeg om die mens te laat leef en oorleef met die insigte wat deur hierdie residu moontlik gemaak word. Dit is ook moontlik om die natuur te verstaan en bewus te raak van God. Daar eindig dit. Die residu van die goedheid van die skepping is nie genoeg om die mens te bring by die punt waar sy kennis genoeg is om sy saligheid te verseker nie. Die lig van die natuur maak die mens bewus van God, maar daardie bewustheid is nie genoeg om die mens te bring waar hy salig is nie en ook nie te maak dat die mens homself tot God bekeer nie. Enige bestaan in harmonie met God of voor God is vanselfsprekend onmoontlik.

Dieselfde geld sover dit die mens se horisontale bestaan betref. Die mens het hierdie natuurlike lig van die skepping in hom, maar is nie by magte om dit reg te gebruik nie. So word die mens se bestaan - ten spyte van die skeppingsresidu - 'n tastende in die donker van menswees bestaan. Die mens bly in stryd met homself en die natuur. Die mens bly soekend na 'n balans of harmonie met die natuur en die samestelling van sy sosiale netwerke. Soveel antwoorde op die vraag na burgerlike ordening, geen korrekte antwoord nie.

Die teendeel van dit wat die mens wil bereik, kom tot voltrekking. Die mens doen meer as om te misluk in sy bestaan. Die natuurlike lig residu word op verskillende manier deur die mens verduister. Sommige van hierdie handelinge is doelgerig. Die ander deel van hierdie verduisterende handeling is gewoon dat die mens nie weet wat die regte optrede is of die regte pad is om op te wandel nie. Die resultaat is dat die ongeregtigheid van die mens hand oor hand toeneem.

Die eindresultaat is dat die mens in sy bewuste handelinge en met sy onnadenkende handelinge by die punt kom waar hy geen verontskuldiging het nie, geen verskoning het wanneer hy voor God verskyn nie.